Hoërskool Marais Viljoen
Marais Viljoen High School

P/Sak/Bag X011, Alberton, 1450
h/v/c/o Bodmin & Cradock St, Alberante, 1449
epos/email: skollier@maraisviljoen.co.za; hilde@maraisviljoen.co.za
www.maraisviljoen.co.za GPS: S26°16.643′ E28°07.972′
(T): 011 869 2103 / 011 907 9013/4 (F): 011 869 5171

27 Januarie 2017

Geagte Ouers / Voogde

OMSENDSKRYWE 2 (2017)

1. GRAAD 11- en 12-OUERVERGADERING

‘n Baie belangrike vergadering vind op 2 Februarie 2017 om 18:00 vir ons graad 11-ouers en om 19:00 vir ons Matrieks se ouers in die skoolsaal plaas. Die volgende sal bespreek word:

Graad 11-vergadering:

- Inligting t.o.v. skoolgebaseerde assessering (portefeuljes) en praktiese take vir elke vak sal aan u gegee word.
- Wiskunde verpligtend wanneer Rekeningkunde, Fisiese Wetenskap en Inligtingstegnologie geneem word.

Graad 12-vergadering:

- Inligting t.o.v. skoolgebaseerde assessering (portefeuljes) en praktiese take vir elke vak sal aan u gegee word.
- Wiskunde verpligtend wanneer Rekeningkunde, Fisiese Wetenskap en Inligtingstegnologie geneem word.
- Die Matriekafskeid.

‘n Aantal tersiêre instellings, soos universiteite, is ook genooi om vir u inligting te gee t.o.v. wat elke instelling bied. Vanaf 17:00 tot 19:00 sal verteenwoordigers van bogenoemde in ons Gimsaal wees om u te woord te staan. Maak asb. van die geleentheid gebruik. U kind is welkom om saam met u die uitstalling by te woon, maar ongelukkig kan hulle nie die vergadering in die saal bywoon nie a.g.v. ‘n ruimte probleem.

2. GR.8-INLOOP: MAANDAG 30 JANUARIE

Ons tradisionele inloop deur die fontein voor ons skool vind Maandagoggend 30 Januarie plaas. Die dag begin met die voorstelling van die graad 8-leerders voor die skool, waarna hulle deur die fontein die skool sal instap om ‘n nuwe era in hul lewe te begin.

Soos ook die gebruik, sal die gr.8-leerders weer in 2021 deur die fontein stap wanneer hulle uit die skool sal stap om die “grootmenswêreld” te betree.

3. DEPARTEMENTELE BELEID TEN OPSIGTE VAN WISKUNDE EN KEUSEVAKKE

Die GDO het ‘n verandering aangebring in verband met Wiskunde en die keusevakke in graad 10, 11 en 12. Indien ‘n leerder nou na Wiskundige geletterdheid skuif, mag hy/sy nie meer Rekeningkunde, Fisiese Wetenskap en IT neem nie. Daar moet dan ‘n ander keuse uitgeoefen word. ‘n Leerder mag dus slegs Rekeningkunde, Fisiese Wetenskap of IT neem indien hulle Wiskunde ook neem.

4. INTEKEN WANNEER OUERS SKOOL BESOEK

Dit is ‘n departementele (GDO) vereiste dat alle besoekers by die hek moet inteken wanneer die skoolterrein betree word.

Die opdrag aan ons sekuriteitswagte is dat ouers en ander besoekers die besoekregister moet voltooi. Baie ouers en besoekers weier om die register te voltooi, maar u moet besef dat dit ‘n veiligheidsmaatreël is ter beskerming van almal op die terrein.

U samewerking sal ook hier waardeer word.

5. PERSOONLIKE EIENDOM BY DIE SKOOL OF TYDENS SKOOLAKTIWITEITE

Leerders wat persoonlike eiendom, soos bv. selfone en fietse skool toe of na skoolaktiwiteite en sport bring, doen so op eie risiko. Indien dit verlore raak, kan die skool nie daarvoor verantwoordelik gehou word nie.

6. MONDI HERWINNING-FONDSINSAMELINGSPROJEK

Ons versoek ouers om al hul koerante, tydskrifte, kantoorpapier, skoolboeke (plastiekomhulsel moet verwyder word), telefoongidse, graanbokse, tandepasta en bruin bokse wat plat is, skool toe te bring en in die Groen mpacthouer te plaas. Die houer is by die boonste hek (langs die huis op ons gronde). Geen hondekos of sementpakkies, papier wat met plastiek oorgetrek is, plastieksakke, plastiekbottels, lekkergoedpapier of Simbapakkies word aanvaar nie. Hoe meer papier ons kry, hoe meer geld kan ons verdien.

7. MAKRO-TERUGBETALINGSPROGRAM (REBATE)

Soos u reeds weet, het Makro ‘n tak in Alberton geopen. Ons skool kan deel wees van ‘n terugbetalingsprogram wat die volgende behels:

- Die kaart wat uitgereik word, sal aan die skool gekoppel wees. Ouers se kaarte word gekoppel met ‘n interne nommer.
- Terugbetalings aan die skool word bereken op die wins van verkope wat gekoppel is aan kaarte wat aan ouers van die skool behoort.
- Die wins word bereken van verkope wat geakkumuleer het vanaf Januarie tot Junie en weer Julie tot Desember.
- Die wins word bereken op ‘n glyskaal en wissel tussen 10% en 25%.

Indien u belangstel, word u versoek om ‘n aansoekvorm by die algemene kantoor af te haal en so spoedig moontlik terug te stuur.
Indien u reeds ‘n Makrokaart het wat nie aan die skool gekoppel is nie, versoek ons u om weer ‘n aansoekvorm te voltooi.

8. MARAIS VILJOEN – FACEBOOKBLAD

Ons versoek dat al ons ouers en leerders slegs die amptelike Facebookblad moet ondersteun. Om dit vir u makliker te maak, het ons die logo hier sodat u seker kan wees dat u op die regte blad inteken.

9. EERLIKE LEERDERS

Deon Muller en Anneri Minnie het ‘n beursie opgetel en ingehandig. Baie dankie!

10. PROGRAM VIR DIE WEEK

Maandag 30 Januarie	Graad 8-inloop Ondersteuningsklasse Kooroefening	 14:15 – 15:15 17:45 – 21:00	
Dinsdag 31 Januarie			
Woensdag 1 Februarie	Graad 12-ekstra klas (k1) Krieket: Coke Finaal Jhb liga o/14B o/15B	14:15 – 15:00	 Willowmore
Donderdag 2 Februarie	Graad 12-ekstra klas (k2) Graad 11-oueraand Graad 12-oueraand Loopbaanuitstalling	07:00 – 07:40 18:00 – 18:45 19:00 17:00 – 19:00	
Vrydag 3 Februarie	Atletiek: Potch Volkskool		McArthur-stadion
Saterdag 4 Februarie	Tennis: Uitspele: Meisies Graad 8 Krieket: Tydliga Jhb-liga Finsbury liga: 1stes vs Rustenburg o/15A vs Rustenburg		 Weg Randpark Tuis Weg

Vriendelike groete

MARTIE HEYSTEK
SKOOLHOOF **LEIER IN VOLLEDIGE OPVOEDING**

Winter Season Sport Supplementation.
NO STIMULANTS; NO RISKS; GREAT RESULTS

Don't let the busy schedule of school and sport stand in your way of optimal nutrition and performance.
Now available at Marais Viljoen Sport Centre:

Apex Supplementation by Prof. Du Toit Loots
SportMax Supplementation by USN Youth

Classify your energy expenditure and purchase one of the below packages below to supplement your need.

- Low energy expenditure (45 min exercise per day): Package 1 - Meal replacement @ R230/ 1 month's supply
- Low moderate energy expenditure (45-90 min exercise per day): Package 2 - Meal replacement & Electrolyte Increaser @ R540/ 1 month's supply
- Moderate energy expenditure (90-120 min exercise per day): Package 3 - Pre Workout; Electrolyte Increaser and Muscle Mass Up @ R710-885/ 1 month's supply
- Moderate - High Energy expenditure (≥120 min exercise per day): Package 4 - Meal replacement; Pre workout; Electrolyte Increaser and Muscle Mass Up @ R850-1150/ 1 month's supply

PLEASE NOTE: Instructions and a balanced eating programme will be provided with every package to optimize the outcome.
For every other nutritional need (e.g. safe weight loss) we can supply the required input for the preferred outcome.
PLEASE CALL:
ANTON BLOEM @ 082 551 8222 TO ORDER YOUR PACKAGE NOW